

WAAR IS MY EER?

Referaat gelewer by die Konsilie van die Geloftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016,
te Holfontein Geloftefeesterrein in die Ottosdal distrik.

(Isa 42:8) Ek is YHWH, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.

Mal 1:6 'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is My **eer**? En as Ek 'n Heer is, waar is die **vrees** vir My? sê YHWH van die leërskaare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag?

Mal 1:7 Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van YHWH is veragtelik

Mal 2:1 En nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod.

Mal 2:2 As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om **my Naam eer te bewys nie**, sê YHWH van die leërskaare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie.

Mal 2:3 Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra.

Mal 2:4 En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit my verbond kan wees met Levi, sê YHWH van die leërskaare.

Mal 2:5 My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My **gevrees** en vir my Naam gebewe.

Mal 2:6 Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtheid teruggebring.

Mal 2:7 Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van YHWH van die leërskaare.

Mal 2:8 Maar julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê YHWH van die leërskaare.

Mal 2:9 So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak.

Mal 2:10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een Elohim ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig?

Hierdie is 'n aanklag teen die volk wat Sy Naam verag deur Sy wette, insettinge, gebooie, geloftes, ensovoorts te miskien en ongehoorsaam te wees daaraan en dit nie ter ere van Sy Naam te hou nie.

Kom ons kyk gou wat eer beteken

[Eer: glory](#)

H3519

כבוד כבוד

kâbôd kâbôd

kaw-bode', kaw-bode'

From H3513; properly *weight*; but only figuratively in a good sense, *splendor* or *copiousness*: - glorious (-ly), glory, honour (-able).

Honor : H3513

כָּבֵד כָּבֵד

kâbad kâbêd

kaw-bad, kaw-bade'

A primitive root; to *be heavy*, that is, in a bad sense (*burdensome, severe, dull*) or in a good sense (*numerous, rich, honorable*); causatively to *make weighty* (in the same two senses): - abounding with, more grievously afflict, boast, be chargeable, X be dim, **glorify, be (make) glorious (things), glory, (very) great, be grievous, harden, be (make) heavy, be heavier, lay heavily, (bring to, come to, do, get, be had in) honour (self), (be) honourable (man), lade, X more be laid, make self many, nobles, prevail, promote (to honour), be rich, be (go) sore, stop.**

Vrees of fear

Fear : revere to regard with respect tinged with awe, venerate (admire, adore, appreciate, cherish, exalt, honor, love, magnify, pay homage, regard, respect, treasure. Value, worship

H4172

מֹרָא מֹרָא מֹרָא

môrâ' môrâ' môrâh

mo-raw', mo-raw', mo-raw'

From H3372; *fear*; by implication a *fearful* thing or deed: - dread, (that ought to be) fear (-ed), terribleness, terror.

Mat 22:17 sê dan vir ons, wat dink U: Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?

Mat 22:18 Maar YAHUSHA het hulle boosheid bemerk en gesê:

Mat 22:19 Geveinsdes, waarom versoek julle My? Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom 'n penning gebring.

Mat 22:20 En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit?

Mat 22:21 Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan Elohim wat Elohim toekom

Wat kom Vader toe? En wat kom Sy Seun toe, sal ons dan vra?

Die antwoord is eenvoudig gestel in **Openb 5:13** En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die **lof en die eer en die heerlikheid** en die krag tot in alle ewigheid!

Maniere om eer te bewys, toon of gee aan ons Skepper:

- 1: aanbid Hom
- 2: sing tot Hom om Hom te loof
- 3: respek toon teenoor Hom
- 4: om Sy Gebooie, insettinge en verordeninge te gehoorsaam en volg
- 5: erken Hom as Skepper, om Messiah as Losser, Redder en Koning te erken
- 6: gehoorsaam Hom in als en volg Sy wil
- 7: hou Sy Feeste en Sabbatte **en geloftes** wat aan Hom belowe is

‘n paar voorbeelde waar die Volk Israel iets tot eer van Vader en Sy Naam moes doen volg:

Luk 12:8 En Ek sê vir julle: Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van Elohim

Ons kan dus sien dat Yahusha Messiah erken moet word. Nie net met ons lippe nie, maar deur te streef om soos Hy te wees en te leef, van die sonde weg te wyk om ons ontwil, maar ook omdat Hy vir ons sondes gesterf het.

(Exo 12:14) En hierdie dag moet vir julle ‘n gedenkdag wees, en julle moet dit as ‘n fees **tot eer** van YHWH vier. Julle moet dit in julle geslagte as ‘n ewige insetting vier.(pasga)

(Exo 12:42) Dit is ‘n nag om plegtig onderhou te word **tot eer** van YHWH, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Dit is dié nag van YHWH om plegtig onderhou te word by al die kinders van Israel in hulle geslagte.

(Exo 13:6) Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet, en op die sewende dag is daar fees **tot eer van** YHWH.

(Exo 15:1) Toe het Moses en die kinders van Israel hierdie **lied tot eer van YHWH gesing**; en dit is wat hulle gesê het: Ek wil **sing tot eer van YHWH**, want Hy is hoog verhewe.

(Exo 15:21) En Mirjam het hulle al singende geantwoord: **Sing tot eer van YHWH**, want Hy is hoog verhewe.

(Exo 18:12) Daarop het Jetro, Moses se skoonvader, ‘n brandoffer en slagoffers geneem tot eer van Elohim.

(Exo 35:2) Ses dae lank kan daar werk verrig word, maar op die sewende dag moet daar vir julle ‘n heiligheid, ‘n dag van volkome **rus wees tot eer van YHWH**.

(Lev 19:32) Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van ‘n grysaard eer; en jy moet jou Elohim **vrees**. Ek is YHWH.

(1Sa 2:29) Waarom verag julle my slagoffer en my spysoffer wat Ek in my woning beveel het, en eer jy jou seuns meer as vir My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van my volk Israel?

(1Sa 2:30) Daarom spreek YHWH, die Elohim van Israel: Ek het wel duidelik gesê: Jou huis en die huis van jou vader sal voor my aangesig wandel tot in ewigheid. Maar nou spreek YHWH: Dit is ver van My; want die wat My eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees.

(1Sa 4:21) maar die seuntjie Ikabod genoem en gesê: Weggevoer is die eer uit Israel—met die oog op die wegneming van die ark van Elohim en met die oog op haar skoonvader en haar man. (die verbondsark het natuurlik die tien gebooue ingehad wat ook tot Vader se eer gehou moet word)

(1Sa 4:22) En sy het gesê: Weggevoer is die eer uit Israel, omdat die ark van Elohim geneem is. Dus hou Sy gebooue en die gehoorsaamheid direk verband met die eer wat Vader moet ontvang

(2Sa 22:50) Daarom wil ek U loof, o YHWH, onder die nasies, en **tot eer van u Naam** wil ek psalmsing;

(1Ch 16:24) Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders.

(1Ch 16:29) Gee aan YHWH die eer van sy Naam, bring offers en kom voor sy aangesig, aanbid YHWH in heilige gewaad.

(2Ch 20:8) En hulle het daarin gaan woon en daarin vir U 'n heiligdom tot eer van u Naam gebou, met die gedagte: As daar oor ons onheil kom—swaard, straf of pes of hongersnood—sal ons voor hierdie huis en voor u aangesig gaan staan; want u Naam is in hierdie huis;

1Sa 15:22 Daarop sê Samuel: Het YHWH behae in brandoffers en slagoffers soos in **gehoorsaamheid** aan die stem van YHWH? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.

(Ezr 10:11) Gee dan nou aan YHWH, die Elohim van julle vaders, die eer en doen wat Hom behaag en sonder julle af van die volke van die land en van die vreemde vroue.

(Psa 50:15) en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Hoeveel kere in ons volkie se kort geskiedenis aan die Suidpunt van Afrika, het ons Hom nie aangeroep ten tye van groot gevaar en benoudheid nie, en elke keer het Hy hulle uitgered van sekere dood en/of totale neerslae nie.

(Isa 29:13) En YHWH het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is, **Isa 29:14** daarom sal Ek voortgaan om wonderlik te handel met hierdie volk, wonderlik en wonderbaar; en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal wegskuil.

(Isa 48:11) Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen—want ag, hoe is my Naam onheilig! —en Ek sal my eer aan geen ander gee nie.

(Dan 7:14) En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Ons sien reeds hier dat die Koningskap waarvan ons gister gepraat het duidelik uitstaan.

Sy eer gaan ook gepaard met Sy heerskappy. Ons weerhou dus die eer aan Hom deur ons nalatigheid om ons Geloof te eerbiedig en die huis van Bloedrivier te stig sodat Hy die Teokrasie tot stand kan kom.

Joh 5:22 Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,

(Joh 5:23) sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

Yahusha moet dus ook geëer word soos Sy Vader geëer word.

(Joh 7:18) Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie.

Ons eie ek agendas en dogmas wat nie Vader se eer verkondig nie, wat ons eie idees is, onskriftuurlik is en vir ons eie gewin gedoen word is deel van onttering van ons Vader.

(Act 12:23) En onmiddellik het 'n engel van YHWH hom(Herodus) getref, omdat hy die eer nie aan Elohim gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.

Dit is dus 'n groot oortreding wat baie ernstig is as ons Vader nie Sy eer gee nie.

(1Ti 1:17) Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse Elohim, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.

(2Pe 1:17) want Hy het van Elohim die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het.

(Rev 5:12) en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.

(Rev 5:13) En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!

Vader se volk hier aan die suidpunt van Afrika gaan tans onder 'n strafgerig gebuk van weë haar ongehoorsaamheid aan ons Vader se geboorte en verontagsaming van Sy Sabbatte volgens lev26 en deur 28.

LOF

(Deu 26:19) en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad, en dat jy 'n heilige volk aan YHWH jou Elohim sal wees soos Hy beloof het.

(1Ch 16:35) en sê: Verlos ons, Elohim van ons heil, en versamel ons en red ons van die nasies, dat ons u heilige Na

(Psa 106:47) Verlos ons, YHWH onse Elohim, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof!

(Psa 111:10) Resj. Die vrees van YHWH is die beginsel van die wysheid; Sin. almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Tau. Sy lof bestaan tot in ewigheid.

(Isa 43:21) Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.

(Sef 3:19) Kyk, in dié tyd sal Ek met al jou verdrukkers handel; en die wat kreupel is, sal Ek red; en die wat verjaag is, versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en tot 'n roem wie se skande oor die hele aarde was.

(Sef 3:20) In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle lot verander, sê YHWH.

ONEER

(Mat 15:8) Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.
Mat 15:9 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

TEOKRASIE

Nou goed, die eer van Vader met betrekking tot ons geloftevolk en die beloftes wat gemaak is aan ons Vader kan ons nie losmaak van die komende Teokratiese bestel met Yahusha Messiah as Koning nie. Ons het die geloftes tog afgelê met beloftes dat dit tot Sy eer gedenk sal word.

Heb 1:1 Nadat Elohim baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun

Heb 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

Heb 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

Heb 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: **U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?**

Heb 1:6 En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van Elohim moet Hom aanbid.

Heb 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

Heb 1:8 maar van die Seun: U troon, o Elohim, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;

Heb 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o Elohim, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;

Heb 1:10 en: U, o YHWH, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.

Heb 1:11 Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,

Heb 1:12 en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.

Heb 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?

Koning Yahusha is dus die erfgenaam van Vader wat die volk Israel as besitting kry volgens psalm 2.

Hy sal dus terugkom en oor Sy volk regeer. Maar ons sal as volk moet reg wees vir Sy koms, ons sal soos die 5 verstandige maagde moet wees wat ons lampies vol hou.

Gen 49:10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.

Messiah het ons ook geleer om so te bid: **Mat 6:9** Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

Mat 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Ons vra dus dat ons Vader se Koningryk op die aarde ook sal kom. Ons moet Hom dus te wagte wees en 'n huis vir Koning Yahusha stig om na terug te kom.

Watse huis?

1Pe 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan Elohim welgevallig is deur YAHUSHA Messiah.

Openbaring getuig ook van hoe Hy gaan kom

Rev 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Rev 19:12 En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

Rev 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van Elohim.

Rev 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

Rev 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van Elohim, die Almagtige.

Rev 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Waar is die volk waarna Hy gaan kom?

Deu 30:1 En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen YHWH jou ELOHIM jou verdryf het,

Deu 30:2 en jy jou tot YHWH jou ELOHIM bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel,

Deu 30:3 dan sal YHWH jou ELOHIM jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen YHWH jou ELOHIM jou verstrooi het.

Deu 30:4 Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal YHWH jou ELOHIM jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.

Deu 30:5 En YHWH jou ELOHIM sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.

Deu 30:6 En YHWH jou ELOHIM sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om YHWH jou ELOHIM lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.

Deu 30:7 En YHWH jou ELOHIM sal al hierdie vloeke op jou vyande en op jou haters lê wat jou vervolgt het.

Deu 30:8 Maar jy sal weer na die stem van YHWH luister en al sy gebooe doen wat ek jou vandag beveel.

Deu 30:9 En YHWH jou ELOHIM sal die goeie aan jou oorfloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land; want YHWH sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy bly was oor jou vaders,

Deu 30:10 as jy na die stem van YHWH jou ELOHIM luister om sy gebooie en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot YHWH jou ELOHIM bekeer met jou hele hart en met jou hele siel.

Eseg 11:16 Daarom sê: So spreek YHWH JOU ELOHIM: Omdat Ek hulle ver weggedryf het onder die nasies, en omdat Ek hulle verstrooi het in die lande en Ek vir hulle 'n kort rukkie 'n heiligdom geword het in die lande waar hulle gekom het—

Eseg 11:17 daarom sê: So spreek YHWH JOU ELOHIM: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee.

Sef 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my **offerande** bring.

Wat is die offer?

Hos 14:2 (14:3) Neem woorde met julle, en bekeer julle tot YHWH; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; dan sal ons as offerdiere **ons lippe** aanbied.

Dit moet dus wees ons lippe wat Sy Naam belei. Dit is die offers wat In die plek van diere geoffer moet word. Ons moet vir Hom 'n heiligdom word. Deur ons Geloftes te eerbiedig en spesifiek die huis van Bloedrivier te bou gaan ons Hom Sy eer en lof gee wat Hom toekom. Ons is die enigste volk wat so gelofte gemaak het aan die Skepper van hemel en aarde.

Eseg 20:35 En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke(verstrooide volke hier) 'n Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig.

Eseg 20:36 Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek YHWH JOU ELOHIM. (APART VAT – TEOKRASIE)

Deur Vader se voorsienigheid om ons hier aan die Suidpunt te vestig, laat Hy dus ook Sy Profesieë in vervulling gaan.

Sef 3:9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die YHWH sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.

Sef 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.

Jes 18:7 In dié tyd sal aan YHWH van die leërskaare geskenke gebring word van die hoog uitgegroeide volk met die blink vel en van die wyd en syde gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word, na die plek van die Naam van YHWH van die leërskaare, na die berg Sion.

Watse geskenke kan dit tog wees. Ons offergawes met ons lippe, die onderhouding van Sy Sabbate, feeste en Geloftedae en deur die volkshuis te stig soos aan Hom belowe kan heel moontlik hierdie geskenke wees waarna verwys word. Ons het uit my vorige referaat gesien hoe daar na die land anderkant die riviere van Kus verwys kan word as die suidelik punt van Afrika en Vader se volk hier aan die suidpunt.

Eseg 20:37 En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaen en julle bring in die band van die verbond.

Eseg 20:38 En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek YHWH is.

Eseg 20:39 Maar julle, o huis van Israel, so sê YHWH JOU ELOHIM: Gaan weg en dien elkeen sy dregode; maar hierná—sekerlik sal julle na My luister en my heilige Naam nie meer ontheilig met julle offergawes en julle dregode nie.

Eseg 20:40 Want op my heilige berg, op die verhewe berg van Israel, spreek YHWH JOU ELOHIM, daar sal die hele huis van Israel, hulle almal, My dien in die land; daar sal Ek 'n behae in hulle hê en daar sal Ek julle offergawes eis en die eerstelinge van julle aanbiedinge by al julle heilige gawes.

Eseg 20:41 As 'n lieflike geur sal Ek 'n behae in julle hê wanneer Ek julle uit die volke uitlei en julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was, en Ek sal My in julle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies.

Eseg 20:42 En julle sal weet dat Ek ELOHIM is as Ek julle in die land van Israel bring, in die land waar Ek my hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee.

Eseg 20:43 Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handelinge waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir juisself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het.

Eseg 20:44 En julle sal weet dat Ek ELOHIM is as Ek met julle handel ter wille van my Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handelinge nie, o huis van Israel, spreek YHWH JOU ELOHIM.

Isa 6:13 En as nog 'n tiende deel daarin is, sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees.

Eseg 28:25 So sê YHWH JOU ELOHIM: As Ek die huis van Israel versamel uit die volke onder wie hulle verstrooi is, en Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land woon wat Ek aan my kneg Jakob gegee het. (dit sal gebeur wanneer Hy Sy Teokrasie hier by ons vestig)

Eseg 28:26 En hulle sal daarin veilig woon en huise bou en wingerde plant; ja, hulle sal veilig woon as Ek strafgerigte voltrek teen almal wat hulle van alle kante verag; en hulle sal weet dat Ek YHWH hulle ELOHIM is.

Eseg 34:12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van **wolke en donkerheid. (tien gebooue ex20 sinai-wet)**

Eseg 34:13 En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land.

Eseg 34:14 Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Israel sal hulle weiplek wees. Daar sal hulle lê op 'n goeie plek en wei in 'n geil weiveld op die berge van Israel.

Eseg 34:15 Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek YHWH JOU ELOHIM.

Eseg 34:23 En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees.

Eseg 34:25 En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die wilde diere uit die land laat verdwyn; en hulle sal veilig bly in die woestyn en slaap in die bosse.

Eseg 34:26 En Ek sal hulle en die plekke rondom my heuwel tot 'n seën maak en die stortreën laat val op sy tyd; stortreëns van seën sal dit wees.

Eseg 34:27 En die bome van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrings gee, en hulle sal veilig wees in hul land; en hulle sal weet dat Ek YHWH is as Ek hulle jukskeie stukkend breek en hulle red uit die hand van die wat hulle diensbaar gemaak het.

Eseg 34:28 En hulle sal nie meer 'n prooi vir die nasies wees nie, en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie; maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik.

Eseg 34:29 En Ek sal vir hulle plante van naam verwek, sodat hulle nie meer deur hongersnood in die land weggeruk sal word nie en die smaad van die nasies nie meer sal dra nie.

Eseg 34:30 Maar hulle sal weet dat Ek, YHWH hulle ELOHIM, met hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, my volk is, spreek YHWH JOU ELOHIM.

Eseg 34:31 En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense, Ek is julle ELOHIM, spreek YHWH JOU ELOHIM.

Ons het 'n afwagting, 'n verlange na die herstel, na die Koningskap van Yahusha oor ons, na 'n Teokratiese bestel waar Hy ons regeer en alle verskille onder ons sal verwyder.

Mal 3:1 Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom YHWH na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê YHWH van die leërskaar.

Mal 3:2 Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.

Eseg 20:45 Verder het die woord van YHWH tot my gekom en gesê:

Eseg 20:46 Mensekind, rig jou aangesig na die suide en laat jou rede druppel teen die suide en profeteer teen die bosveld, die Suidland,

Eseg 20:47 **en sê aan die bos van die Suidland:** Hoor die woord van YHWH: So spreek YHWH JOU ELOHIM: Kyk, Ek steek 'n vuur in jou aan wat in jou elke groen boom en elke droë boom sal verteer; die uitlaande vlam sal nie uitgeblus word nie, maar daardeur sal alle aangesigte verbrand word van die Suidland af tot die noorde toe;

Eseg 20:48 en alle vlees sal sien dat Ek, YHWH, dit aangesteek het; dit sal nie uitgeblus word nie.

Eseg 20:49 Toe sê ek: Ag, YHWH, hulle sê vir my: Spreek hy nie altyd in gelykenisse nie?


Joh 1:49 (1:50) Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van Elohim, U is die Koning van Israel!

Yahusha ons Messiah is die Koning wat op die troon van Dawid gaan sit in hierdie tyd wat kom waar Hy 'n Teokrasie tot stand sal bring en al sy volgelinge sal vergader.

Kom ons kyk vlugtig na 2 geloftes wat afgele is:

J.G. Bantjes se weergawe van die Bloedrivier se gelofte

“dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—“om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”— en dat zy ook moesten afsmeaken, de hulp en bystand van God, om dEseg gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dEseg lve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het **ter Eere van God** gevierd mag worden



Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die HERE gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons here en meesters (Here XVII – die Direkteure van die VOC) te bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die HERE wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.

Ons sien in elkeen van hierdie Geloftes en beloftes dat ons Vader die lof en die eer moet gee vir Sy redding en ingryping. Die Geloftes het ongelukkig elkeen na 'n kort tydjie agterweë begin bly. Die Volk het hierdie belangrike dae vergeet en afgeskeep en dus ook Vader van Sy eer ontnem. Deur die Geloftes en dus ook die ingryping van Vader se Hand in die Volk se geskiedenis asook op belangrike dae soos 16 Desember te vergeet en nie te herdenk nie, berooft ons Vader van Sy respek, lof, aanbidding en eer.

Dieselfde Elohim wat Jan van Riebeeck en die ander volksplanters veilig bewaar het op die oseane, om veilig voet aan wal te sit aan dieselfde Suidland waarvan Sefanja 3 praat. Dieselfde Skepper wat die Hugenote en ander voorvaders van die Geloftesvolk, uit Europa help vlug het vir hul geloof en met Sy plan ook verseker het dat Hy ons hier as 'n volk kan vestig uit die verstrooide stamme van Israel.

So het Hy ons telkemale uit die kloue van die dood gered.

1Pe 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan Elohim welgevallig is deur YAHUSHA Messiah.

Ons moet as individue ons eie liggaam en siel ook opbou en rein word, sodat ons ook die tempels van Sy Gees kan wees, maar ook geestelike huis in volksverband wees Hom te kan dien en die eer te kan gee, om gereed te wees vir die Koning se koms na die huis van Bloedrivier

Psa 127:1 As YHWH die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as YHWH die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.

Ons kan nie ons eie wil volg nie en die huis op ons manier probeer bou nie, ons sal dit moet skoei op Vader se gebooie en bevele om 'n waardige huis te kan stig wat Sy lof, eer en heerlijkheid sal verkondig oor die ganse aarde sodat elkeen die Koning van die huis van Israel se krag sal sien..

Mal 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van Elohim gesoek.

VADER soek Sy eer en ons moet Hom en Sy Seun die eer ten alle tye gee. Deur goddeloos te handel, sy Gebooie te vergeet en die Geloftes te versaak, weerhou ons Sy eer en lof en erken ons Hom dus nie totaal as ons Koning nie. Ons kan nie verwag dat Hy ons gaan verlos en dan nie ons deel van die kontrak nakom nie. Deur die geloftes van Jan van Riebeeck, Bloedrivier en Paardekraal is ons verplig om dit te eerbiedig, te onderhou en alle eer aan ons Vader te gee, dit te belei en ons deel van die kontrak na te kom.

Ons kan net 'n huis van Bloedrivier stig as ons Hom volg, Sy gebooie volg, te bid dat Sy koningryk kom hier op aarde, sodat ons onder Sy Koningskap en teokrasie kan wees en dus hom Al die eer kan gee.